DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

15 Augustus 2021

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Genesis 9: 1 - 19 |
| **Tema** | God eis volkome gehoorsaamheid |

In God se gesprek met Noag seën Hy hom en sy nageslag en beveel hulle om vrugbaar te wees. Hy belowe ook om nie weer alle lewende wesens deur ‘n wêreldwye vloed uit te wis nie, en gee die reënboog as teken om Homself daaraan te herinner. Ek fokus op God se gesprek met Noag.

God se gesprek met Noag – 9:1-17

1. God seën Noag en sy nageslag en beveel hulle om vrugbaar te wees en hulle opdrag om die aarde te bewoon, na te kom. Noag en sy nageslag is die nuwe begin wat God met die aarde maak. Die begin van ‘n nuwe gehoorsaamheid. Ons lewe in ‘n tyd van die sg post-Christendom. Miljarde leef sonder God, sonder hoop en sonder ‘n toekoms. Paulus leer ons in Rom 8: 19 – 22 dat ons oppad is na die ewige heerlikheid van God: “Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is. Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê. Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting.” (Rom. 8:19-22).

2. God belowe om die aarde en sy bewoners nie weer deur ‘n vloed uitwis nie. Dié saak word drie keer herhaal (v 8-11; 12-16; 17). Die troue Verbondsgod sluit ‘n verbond met Noag, sy nageslag en al die lewende wesens op die aarde: “mens en dier sal nie weer deur vloedwaters uitgewis word nie.” God sal sy verbond ook hou met die reënboog as teken daarvan. Die reënboog is nie net vir ons ‘n herinnering nie, maar veral vir God: “Wanneer Ek wolke oor die aarde laat saampak, en die reënboog verskyn in hulle, sal Ek dink aan my verbond met julle …”

Dit is ook ‘n ewige verbond wat nooit verbreek sal word nie. Die redding van Noag word in Jesaja 54:9 gebruik as ‘n bevestiging van God se goeie gesindheid teenoor Israel wat hulle nie langer sal straf nie, maar sy verbond met hulle sal nakom. Die geskiedenis van Noag is daarom ‘n voortdurende herinnering aan alle gelowiges van alle tye dat God sy verbond met ons nooit sal verbreek nie, selfs al is iets soos ‘n ballingskap nodig in sy plan met sy mense.

Ons lees in Hebreërs 11: 7: “Omdat Noag geglo het, het hy God eerbiedig gehoorsaam toe hy gewaarsku is oor dinge wat nog nie gesien kon word nie. Daarom het hy die ark gebou om sy huisgesin te red. Sy geloof was ’n veroordeling van die wêreld, maar dit het hom erfgenaam gemaak van die vryspraak wat deur die geloof kom.” In die wyse waarop sy redding ook onvermydelik die oordeel van God oor dié wat aan Hom ongehoorsaam was aan die orde gestel het, is dit só noodsaaklik om albei kante van die boodskap van Noag ter harte te neem. Ons hoor van God se verlossende oordeel, soos dit ook in die boodskap van Openbaring na vore tree, die boek wat op die einde nie maar net van die bewoonde aarde, soos in Noag se tyd, dui nie, maar op die einde van die tyd. Die kerk kry die opdrag om beide die verlossing en die oordeel te verkondig, gesimboliseer deur die kleiner boekrolletjie wat Johannes uit die hand van die sterk en ontsagwekkende engel ontvang. “Net vir Noag wat die wil van God verkondig het, en sewe ander mense het Hy gered.”

Noag is dus ‘n getroue getuie van die genade wat daar is vir gehoor-sames. Trouens, die doop is ‘n teken en seël daarvan, soos 1 Petrus 3: 20 – 21 dit duidelik maak: “Net ’n klein klompie in die ark, ag in getal, is deur die water gered. Dit dui op die doop, waardeur julle ook nou gered word. Die doop is nie ’n afwassing van die vuilheid van die liggaam nie, maar ’n bede tot God om ’n skoon gewete, en dit red julle op grond van die opstanding van Jesus Christus.” Die Here eis gehoorsaamheid aan Hom alleen.

Daarom roep Jesus ons op met die belofte van Sy wederkoms. “Net soos dit in die tyd van Noag gegaan het, so sal dit ook gaan in die tyd van die Seun van die mens: Hulle het maar soos gewoonlik geëet en gedrink en getrou tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het. Toe kom die sondvloed, en dit het hulle almal uitgewis.” (Luk. 17:25-26; vgl. Mat. 24:37-38). God haat die sonde. Hy straf Jesus Christus daarvoor. In Hom vervul God al Sy beloftes.

Hy eis gehoorsaamheid, Hy sal ongehoorsaamheid aan Hom straf. Daar is ‘n ewige oordeel wat kom. Niemand wat in hulle sonde volhard, sal dit vryspring nie. Die handelinge van God met Noag teken die geweldige troos, soos dit opgesluit is in die betekenis van sy naam: “Hierdie seun sal ons opbeur in die harde werk met ons hande en in ons swaarkry op die grond wat deur die Here vervloek is.” (Gen. 5:28). God se vaste belofte is dat Hy die aarde nie weer sal met water voor die einde kom nie. Hy sal die regverdiges, dié wat aan Hom gehoorsaam is, red, soos Hy dit met Noag en sy nageslag gedoen het. Daarom hoor ons die Woord en werk die Heilige Gees. Met Noag en sy gesin het Hy ‘n nuwe geslag op aarde begin. Met elkeen wat opreg glo en doen sal Hy die ewigheid van ‘n nuwe hemel en aarde binnegaan. Luister na wat die Gees aan ons leer.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir die Johan en Terry Peyper wat nog ‘n skoonsuster, Maandag, aan die dood afgestaan het, agv Covid 19. Ons bid ook vir tannie Lottie wat in Hoësorg in Mediclinic is. Haar toestand is kritiek, maar stabiel. Mag die Here julle familie dra en troos in die moeilike tyd.
* Ons bid vir Daleen en Stephan Coetsee wie se ma, Lynn, oorlede is. Mag die Here julle familie versterk en troos in die tyd. Ons is dankbaar dat Daleen van Covid herstel het.
* Ons bid die troos van die Here toe vir Elna Pienaar wie se moeder oorlede is.
* Ons bid vir Zoë Erasmus wat baie sterk chemo ontvang vir maagkanker.
* Rika Schutte moet ook weer chemo ontvang. Sterkte vir jou
* Tannie Ans vd Walt het ‘n kwaadaardige plek aan haar been laat uitsny. Ons wens tannie ‘n baie spoedige herstel toe.
* Baie geluk aan Andries en Marisa Linde met julle nuwe kleinkind. Mag julle baie vreugde ervaar.
* Baie geluk aan Martin en Zelda Erasmus met julle nuwe kleinkind. Mag julle baie vreugde ervaar.

  Ons bid vir almal wat deur moeilike finansiële- en geestelike tye gaan. Ons dra mekaar aan die troon van die Here op.
* Ons bid vir al ons ouers en kinders met die skoolwerk. Sterkte aan die matrieks wat in die deurmekaar skooljaar nog steeds moet eksamen skryf. Die einde kom nader.



# GEDAGTE VIR DIE WEEK

*Dít is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie.*

*1 Johannes 1: 5*

## KERKRAAD

Ter approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderling en diaken:

**Ouderlinge:**
Phillip Van Der Walt

**Diaken:**
Roelof Venter

# KALENDER

| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 16 Aug | Louis Van Wyk<br>Nia Schutte | 56<br>9 | B<br>D | 084 251 1507<br>083 750 7787 |
| Do 19 Aug | Vleis Potgieter<br>Alta Van Ree | 52<br>12 | B<br>D | 084 505 3830<br>079 507 4563 |
| Vr 20 Aug | ***Sussie Potgieter ****<br>Karin Du Rand | ***73***<br>47 | B<br>B | 082 971 3516<br>072 355 5283 |
| Sa 21 Aug | Urshla Steynberg<br>Rehana O'Reilly | 50<br>43 | B<br>B | 064 907 8872<br>072 757 5413 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 19 Aug 1995 | Tom & Ansie Roets | 26 | 072 033 9420<br>082 852 4509 |

## DATUMS OM TE ONTHOU

Lidmate moet asb kennis neem dat daar **GEEN** Bybelstudie sal wees nie. Bybelstudie sal hervat sodra die inperking dit weer toelaat, hou dus die Basuin dop.

**Diakens vergadering op 16 Augustus 2021 om 18:00 via ZOOM.**

## DIAKONIE

Graag versoek ons lidmate wat **lemoen en groente sakke** het om die ASB by die kerkkantoor in te gee, ons benodig dit om die groente skenkings in te verpak.


Die diakonie is dringend opsoek na ‘n **nebulizer**. As enige van ons lidmate ’n nebulizer het wat nie gebreuk word nie, word hulle versoek om dit asb aan die diakonie te skenk.


Die diakonie vra asb vir skekings van bees en / of wilds vleis wat verwerk kan word vir fondse vir die diakinie. Kontak Reinhardt Weidemann op 082 610 0623.

**Die diakonie verkoop weer wildsvleis :**

**Maalvleis : R 71.43.00 / kg**
**Braaiwors : R 85.71 / kg**
**Biltong : R 142.86 / kg**
**Kookvleis : R 50.00 / kg**
**Pasteie : R 100.00 / pastei**

Ondersteun asb hierdie projek van die diakonie. Teen hierdie prysse kan niemand die geleentheid laat verby gaan nie. Voorkom teleurstelling en skakel Reinhardt Weidemann op 082 610 0623 om bestellings te plaas.


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 120 826.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
FEB
MRT
APR
MEI
JUN
R 36 533.50
R 50 317.40
R 41 630.70
R 22 141.76
R 23 858.80
R 35 979.75
R 36 064.00
R 27 227.60
R 12 430.00
R 32 103.94
INKOMSTE
UITGAWES

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Die reënboog sal in die wolke wees, en wanneer Ek dit sien, sal Ek dink aan die ewige verbond tussen My en al die lewende wesens op die aarde."*

*Genesis 9: 16*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS